DIE AFRIKAANSE PROSAKRITIEK

deur

Nicolaas Johannes Snyman

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

Doctor Litterarum

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
(Departement Afrikaans)

Universiteit van Pretoria

Pretoria
Mei 1982

1096003

MERENSKY-BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
Klasnommer 839.363009
Registernommer 1132329 SNYMAN

DANKBETUIGINGS

Hierdie studie is voltooi onder die leiding van prof. A.P. Grové, hoof van die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria. Dit was 'n voorreg om onder sy leiding te studeer. Aan hom my hartlike dank vir sy bekwame leiding, waardevolle kritiek en die keuse van die onderwerp. Sy insig, kennis en oorsig van die literatuur was vir my deurentyd 'n inspirasie gedurende die studie.

Die belangstelling en aanmoediging van my vriende, familie en gesin, teenoor wie ek dankbaar is, was vir my altyd 'n onderskraging.

Die wenke en hulp wat ek van prof. Elize Botha en dr. Piet Roodt ontvang het, waardeer ek ten seerste en het ek dankbaar van gebruik gemaak.

My dank aan prof. W.J. de Klerk vir sy ondersteuning en voortdurende aanmoediging.

My opregte waardering teenoor dr. Piet Roodt, dr. Ian Raper en Johan Beukes vir die deurlees van die proefskrif en die wenke waaruit ek voordeel kon trek.

N.J. SNYMAN

Pretoria
Mei 1982

INHOUD

		Bladsy
VOORWOORD		xii.
HOOFSTUK 1 - DIE BEGIN		
1.1	*Inleiding*	1
1.2	*Die kritici*	5
1.2.1	*S.J. du Toit*	5
1.2.2	*J.H.H. de Waal*	9
1.2.3	*J. Kamp*	16
1.2.4	*G. Besselaar*	20
1.2.5	*J.J. Smith*	25
1.2.6	*G.S. Preller*	28
1.2.7	*J.F.E. Celliers*	36
1.2.8	*Lydia van Niekerk*	40
1.2.9	*E.N. Marais*	48
1.2.10	*C.L. Leipoldt*	51
1.2.11	*E.C. Pienaar*	55
1.3	*Minder aktiewe resensente*	68
1.3.1	*J.F.W. Grosskopf*	68
1.3.2	*J.D. du Toit*	69
1.3.3	*D.F. Malherbe*	69
1.4	*Tydskrifte*	70
1.4.1	*Die Huisgenoot*	70
1.4.2	*Die Brandwag*	72
1.4.2.1	*W.M.R. Malherbe*	75
1.5	*Samevatting*	77
1.6	*Verwysings*	81
1.6.1	*Inleiding*	81
1.6.2	*S.J. du Toit*	81
1.6.3	*J.H.H. de Waal*	82

Bladsy

1.6.4 *J. Kamp* 83
1.6.5 *G. Besselaar* 83
1.6.6 *J.J. Smith* 84
1.6.7 *G.S. Preller* 84
1.6.8 *J.F.E. Celliers* 85
1.6.9 *Lydia van Niekerk* 86
1.6.10 *E.N. Marais* 87
1.6.11 *C.L. Leipoldt* 87
1.6.12 *E.C. Pienaar* 88
1.6.13 *J.F.W. Grosskopf* 89
1.6.14 *J.D. du Toit* 90
1.6.15 *D.F. Malherbe* 90
1.6.16 *Die Huisgenoot* 90
1.6.17 *Die Brandwag* 90
1.6.18 *W.M.R. Malherbe* 90
1.6.19 *Samevatting* 91

HOOFSTUK 2 - DIE KRITIEK RONDOM 1920

2.1 *Inleiding* 92
2.2 *Die kritici* 94
2.2.1 *P.C. Schoonees* 94
2.2.1.1 *Werke* 94
2.2.1.2 *Prinsipes* 95
2.2.1.3 *Begrippe* 114
2.2.1.4 *Verskuiwing van bakens* 118
2.2.2 *F.E.J. Malherbe* 120
2.2.2.1 *Werke* 120
2.2.2.2 *Prinsipes* 122
2.2.2.3 *Begrippe* 136
2.2.3 *J.R.L. van Bruggen* 148

Bladsy

2.3 *Minder aktiewe resensente* 151
2.4 *Samevatting* 153
2.5 *Verwysings* 158
2.5.1 *Inleiding* 158
2.5.2 *P.C. Schoonees* 158
2.5.3 *F.E.J. Malherbe* 161
2.5.4 *J.R.L. van Bruggen* 165
2.5.5 *Minder aktiewe resensente* 166
2.5.6 *Samevatting* 166

HOOFSTUK 3 - DIE PROSAKRITIEK VAN DERTIG

3.1 *Inleiding* 167
3.2 *Die kritici* 168
3.2.1 *G. Dekker* 168
3.2.1.1 *Werke* 168
3.2.1.2 *Kunsbeskouing* 169
3.2.1.3 *Prinsipes* 175
3.2.1.4 *Samevatting* 181
3.2.2 *M.S.B. Kritzinger* 184
3.2.2.1 *Werke* 184
3.2.2.2 *Kunsbeskouing* 184
3.2.2.3 *Prinsipes* 187
3.2.2.4 *Bydrae* 191
3.2.3 *C.M. van den Heever* 193
3.2.3.1 *Werke* 193
3.2.3.2 *Kunsbeskouing* 194
3.2.3.3 *Prinsipes* 195
3.2.3.4 *Bydrae* 196

		Bladsy
3.2.4	*A.J. Coetzee*	197
3.2.4.1	*Werke*	197
3.2.4.2	*Prinsipes*	198
3.2.4.3	*Bydrae*	200
3.2.5	*P.J. Nienaber*	203
3.2.5.1	*Werke*	203
3.2.5.2	*Prinsipes*	205
3.2.5.3	*Bydrae*	209
3.2.6	*A.H. Jonker*	210
3.2.6.1	*Werke*	210
3.2.6.2	*Prinsipes*	210
3.2.6.3	*Bydrae*	213
3.2.7	*N.P. van Wyk Louw*	214
3.2.7.1	*Werke*	214
3.2.7.2	*Prinsipes*	216
3.2.8	*H.A. Mulder*	225
3.2.8.1	*Werke*	225
3.2.8.2	*Kunsbeskouing*	226
3.2.8.3	*Prinsipes*	227
3.2.9	*M.P.O. Burgers*	231
3.2.9.1	*Werke*	231
3.2.9.2	*Prinsipes*	232
3.3	*Samevatting*	239
3.4	*Verwysings*	241
3.4.1	*G. Dekker*	241
3.4.2	*M.S.B. Kritzinger*	243
3.4.3	*C.M. van den Heever*	246
3.4.4	*A.J. Coetzee*	248
3.4.5	*P.J. Nienaber*	252
3.4.6	*A.H. Jonker*	252

		Bladsy
3.4.7	*N.P. van Wyk Louw*	253
3.4.8	*H.A. Mulder*	256
3.4.9	*M.P.O. Burgers*	257

HOOFSTUK 4 - DIE KRITICI VAN VYFTIG

4.1	*Inleiding*	259
4.2	*Die kritici*	260
4.2.1	*W.E.G. Louw*	260
4.2.1.1	*Werke*	260
4.2.1.2	*Prinsipes*	261
4.2.2	*E. van Heerden*	264
4.2.2.1	*Werke*	264
4.2.2.2	*Prinsipes*	264
4.2.3	*D.J. Opperman*	268
4.2.3.1	*Werke*	268
4.2.3.2	*Prinsipes*	269
4.2.4	*R. Antonissen*	274
4.2.4.1	*Werke*	274
4.2.4.2	*Prinsipes*	275
4.2.5	*A.P. Grové*	288
4.2.5.1	*Werke*	288
4.2.5.2	*Prinsipes*	289
4.2.5.3	*Kunsbeskouing*	296
4.2.5.4	*Bydrae*	299
4.2.6	*E. Lindenberg*	302
4.2.6.1	*Werke*	302
4.2.6.2	*Prinsipes*	302

Bladsy

4.2.7 *T.T. Cloete* 305

4.2.7.1 *Werke* 305
4.2.7.2 *Prinsipes* 305
4.2.7.3 *Kunsbeskouing* 308
4.2.7.4 *Bydrae* 311

4.3 *Samevatting* 312
4.4 *Verwysings* 314

4.4.1 *W.E.G. Louw* 314
4.4.2 *E. van Heerden* 314
4.4.3 *D.J. Opperman* 315
4.4.4 *R. Antonissen* 317
4.4.5 *A.P. Grové* 320
4.4.6 *E. Lindenberg* 322
4.4.7 *T.T. Cloete* 322

HOOFSTUK 5 - DIE KRITIEK NA SESTIG

5.1 *Inleiding* 324
5.2 *Die kritici* 326

5.2.1 *P.D. van der Walt* 326

5.2.1.1 *Werke* 326
5.2.1.2 *Prinsipes* 327

5.2.2 *A.P. Brink* 340

5.2.2.1 *Werke* 340
5.2.2.2 *Prinsipes* 341

5.2.3 *Elize Botha* 358

5.2.3.1 *Werke* 358
5.2.3.2 *Prinsipes* 361
5.2.3.3 *Begrippe* 380
5.2.3.4 *Samevatting* 382

Bladsy

5.2.4 *F.I.J. van Rensburg* 384

5.2.4.1 *Werke* 384
5.2.4.2 *Prinsipes* 385

5.2.5 *J.C. Kannemeyer* 389

5.2.5.1 *Werke* 389
5.2.5.2 *Prinsipes* 390

5.3 *Samevatting* 402
5.4 *Verwysings* 405

5.4.1 *P.D. van der Walt* 405
5.4.2 *A.P. Brink* 408
5.4.3 *Elize Botha* 412
5.4.4 *F.I.J. van Rensburg* 417
5.4.5 *J.C. Kannemeyer* 418
5.4.6 *Samevatting* 420

BIBLIOGRAFIE

6.1 *Hoofstuk 1* 421

6.1.1 *Inleiding* 421
6.1.2 *S.J. du Toit* 421
6.1.3 *J.H.H. de Waal* 422
6.1.4 *G. Besselaar* 424
6.1.5 *J.J. Smith* 424
6.1.6 *J. Kamp* 425
6.1.7 *G.S. Preller* 425
6.1.8 *J.F.E. Celliers* 427
6.1.9 *Lydia van Niekerk* 428
6.1.10 *E.N. Marais* 429
6.1.11 *C.L. Leipoldt* 429
6.1.12 *E.C. Pienaar* 430
6.1.13 *Minder aktiewe resensente, tydskrifte en samevatting* 431

		Bladsy
6.2	*Hoofstuk 2*	433
6.2.1	*P.C. Schoonees*	433
6.2.2	*F.E.J. Malherbe*	438
6.2.3	*J.R.L. van Bruggen*	445
6.2.4	*Minder aktiewe resensente*	446
6.2.5	*Samevatting*	446
6.3	*Hoofstuk 3*	447
6.3.1	*G. Dekker*	447
6.3.2	*M.S.B. Kritzinger*	450
6.3.3	*C.M. van den Heever*	453
6.3.4	*A. Coetzee*	454
6.3.5	*P.J. Nienaber*	457
6.3.6	*A.H. Jonker*	460
6.3.7	*N.P. van Wyk Louw*	461
6.3.8	*H.A. Mulder*	463
6.3.9	*M.P.O. Burgers*	464
6.4	*Hoofstuk 4*	466
6.4.1	*W.E.G. Louw*	466
6.4.2	*E. van Heerden*	468
6.4.3	*D.J. Opperman*	470
6.4.4	*R. Antonissen*	472
6.4.5	*A.P. Grové*	475
6.4.6	*E. Lindenberg*	478
6.4.7	*T.T. Cloete*	479
6.5	*Hoofstuk 5*	481
6.5.1	*P.D. van der Walt*	481
6.5.2	*A.P. Brink*	485
6.5.3	*Elize Botha*	489
6.5.4	*F.I.J. van Rensburg*	494
6.5.5	*J.C. Kannemeyer*	496
6.5.6	*Samevatting*	499

	Bladsy
OPSOMMING	500
SUMMARY	503

VOORWOORD

In *Die Afrikaanse prosakritiek* het ek probeer om verskillende periodes in die prosakritiek te onderskei en om die chronologie so na as moontlik te volg met die klem op die bespreking van die kritiek van individuele kritici. Veral twee aspekte was deurslaggewend by die ordening van die prosakritiek van die kritici wie se kritiek wel bespreek is: Die periode waarin die kritikus sy eerste en/of belangrikste prosakritiek gelewer het, en in watter mate sy kritiese vertrekpunte aansluit by die werk van ander kritici wat gedurende die bepaalde periode Afrikaanse prosakritiek gelewer het.

Die prosakritiek van party kritici en/of resensente is beperk tot enkele verspreide resensies; dikwels onder 'n skuilnaam of slegs voorletters. Bespreking van die prosakritiek van dié aard het ek beperk. Daar is ook 'n klein aantal kritici wat meer as bloot prosaresensies gelewer het wie se werk ek nie bespreek het nie. Na my oordeel is hulle werk so eenders as die algemene gedagtegang van die periode waarin hulle gepubliseer het dat 'n bespreking van hulle prosakritiek nie noodsaaklik vir die doel van my studie is nie juis omdat hulle kritiek slegs die belangrikste kritiese denkpatrone van die periode ondersteun. Bespreking van hulle prosakritiek sou onnodige duplisering meebring. Die kritici wie se werk ek wel bespreek, het die aandag getrek op grond van die belangrikheid van hulle uitsprake, die gehalte van hulle kritiek en in party gevalle, die omvang daarvan. Die hoeveelheid kritiek is nie 'n maatstaf vir die gehalte van die kritiek nie, maar sekerlik vir die invloed daarvan op die algemene leser.

Daar is enkele (selfs belangrike) letterkundiges wat hulle uitgesproke slegs op die poësie toegespits het en dus nie hier ter sprake kan kom nie. C.J.M. Nienaber en H. van der Merwe Scholtz is sulke voorbeelde. Dat hulle kritiek nie bespreek is nie neem nie weg nie dat hulle beoefening van die stilistiek ook hier en daar invloed op die prosakritiek uitgeoefen het.

In die eerste hoofstuk het ek die prosakritiek van die vroegste Afrikaanse prosakritici bespreek - die kritici voor 1920. Dit is 'n periode van verkenning. Baie kritici was nie geskool in die letterkunde nie: S.J. du Toit en J.D. du Toit was teoloë; G.S. Preller historikus; E.N. Marais, W.M.R. Malherbe, J.H.H. de Waal en J.J. Smith was joernaliste; J.F.W. Grosskopf ekonoom en J.F.E. Celliers landmeter. Die geskoolde literatore van die groep kritici het in die buiteland, veral Nederland, gestudeer: J. Kamp, G. Besselaar, Lydia van Niekerk, E.C. Pienaar en D.F. Malherbe, wat in Duitsland gepromoveer het.

Hierdie aanvangsperiode van die Afrikaanse prosakritiek is gekenmerk deur propaganda vir die Afrikaanse leesmateriaal; dit het skrywers en moontlike skrywers aangemoedig om te skryf sodat die ganse volk leesmateriaal kan hê en 'n Afrikaanse literatuur opgebou kon word. Hier was skaars 'n werklike kritiese ingesteldheid, tog het die reël verrassende uitsonderinge gehad, byvoorbeeld Kamp en Preller.

Gedurende die aanvangsperiode kry enkele grondtrekke van die Afrikaanse prosakritiek beslag: onder andere die prosakuns as weerspieëling van die Afrikaanse werklikheid, kritiek op taal en styl. 'n Kriterium wat veral in hierdie periode op die voorgrond tree, is die diensbaarheid van die prosa aan die nasionale bewussyn.

In die tweede hoofstuk bespreek ek hoofsaaklik die prosakritiek van P.C. Schoonees, F.E.J. Malherbe en J.R.L. van Bruggen. Hulle is die belangrikste en bedrywigste prosakritici gedurende die periode rondom 1920 en het aldrie gepromoveer in Amsterdam, Nederland. Die kritiek, van veral Schoonees, het die "vertroeteling" van die Afrikaanse literatuur teengegaan. Op grond hiervan en die feit dat die toonaangewende kritici in die buiteland studeer het, het die algemene lesers hulle beskuldig van on-Afrikaansheid. In der waarheid het hulle die klem laat val op letterkundige voorligting, die kunstenaarspersoonlikheid en 'n siervolle styl.

Die derde hoofstuk is 'n oorskouing van die werk van die prosakritici wat meestal rondom 1930 gedebuteer het en ander wat in die dekades van 1930 en 1940 belangrike kritiek gelewer het. Van hierdie groep is G. Dekker die belangrikste kritikus en N.P. van Wyk Louw die belangrikste literêrteoretikus. Gedurende die periode beweeg die kritiek weg van 'n impressionistiese benadering en ontleding van die kunstenaarspersoonlikheid. Hierdie groep kritici, met uitsondering van M.S.B. Kritzinger, was minder literêr-pedagogies ingestel as hulle voorgangers, maar het nietemin deur die ontleding en wyse van benadering belangrike invloed uitgeoefen op die vorming van opkomende kritici.

Die kritiese werk van die groep kritici is uiteenlopend. M.P.O. Burgers se belangrikste prosakritiek kan as voorbeeld dien van die psigologistiese kritiek in Afrikaans. C.M. van den Heever se artikels word gekenmerk deur die kultuur-filosofiese aard daarvan. Abraham Jonker het die Nuwe Saaklikheid bekendgestel en hom daarvoor beywer. Die prosakritiek van Abel Coetzee, P.J. Nienaber en H.A. Mulder vertoon die

algemeen gebruilike beskrywing van die prosa wat dikwels verval in vae algemene opmerkings.

Die prosakritiek van W.E.G. Louw, E. van Heerden, D.J. Opperman, R. Antonissen, A.P. Grové, E. Lindenberg en T.T. Cloete word in die vierde hoofstuk bespreek. Die literêre vormingsjare van die meeste van die kritici was gedurende 'n bloeitydperk van die Afrikaanse poësie toe die poësie van die Dertigers en Veertigers die letterkundige terrein in Afrikaans oorheers het. Dit is te begrype dat waar ten minste vier van die kritici ook erkende digters is daar groter belangstelling vir die poësie as die prosa sou wees. Hierdie waarheid het egter nie verarmend ingewerk op die prosakritiek nie; inteendeel, die stilistiek op linguistiese grondslag wat byvoorbeeld deur T.T. Cloete in sy proefskrif toegepas is, is oorgedra op die prosakritiek en het deels daartoe bygedra dat die kritici begrip gehad het vir die vernuwing wat die prosa van Sestig sou bring.

In hoofstuk vyf word die prosakritiek van P.D. van der Walt, A.P. Brink, Elize Botha, F.I.J. van Rensburg en J.C. Kannemeyer bespreek. Die kritici tree rondom 1960 op die voorgrond. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Afrikaanse prosakritiek is die kritiek van toonaangewende kritici uit 'n geslag van kritici toegespits op die prosa. Dit geld veral die kritiek van P.D. van der Walt, A.P. Brink en Elize Botha. Hierdie kritici het aanvanklik oorwegend belangstelling vir die toepassing van die beginsels van die linguistiese stilistiek op die literatuur. Dit bring mee 'n noukeurige ontleding van die prosateks. Hierdie werkwyse vind ons veral in die prosakritiek van Elize Botha.

Die Afrikaanse prosakritiek steun met enkele geïsoleerde uitsonderings nie op deurlopende literêr-teoretiese grondslae nie, maar op die kritiese werk van intelligente en begaafde kritici met 'n besondere "aanvoeling" vir die literatuur. Die terminologie wat gebruik word, word dikwels nie omskryf of gemotiveer nie. Konsentrasie op die teks en die ontleding daarvan in besonderhede is vir "leunstoellesers" van die Afrikaanse prosa 'n verleentheid en in 'n mate verantwoordelik vir die oënskynlike vervreemding tussen algemene lesers en literatuur. Die Afrikaanse prosakritici het met weinig uitsonderinge dit as opdrag aanvaar om die Afrikaanse prosa vir die algemene leserspubliek toeganklik te maak.